Bedieningsmodel – NG Mosselbaai

KERKRAAD – Junie 2015

Mosselbaai Moedergemeente was sedert 2004 deel van die Vennootskap van Gestuurde gemeentes. Dit het ons geleer om in die Woord en in die wêreld te wandel. Ons sterkste patrone (die erediens as publieke getuienis, afhanklikheid van die Gees en die neem van risiko's) is as gemeentebelydenis geformuleer. Ons het geluister na ons gemeenskap en lidmate en bewus geword van baie behoeftes soos die komplekse nood van gesinne, enkelouers, jeug, jong volwassenes, eensame bejaardes, kerkloses, armes, werkloses en van allerlei sosiale probleme en uitdagings, soos gesinsgeweld, misdaad, vigs en vele meer. Ons roeping as gestuurde gemeente is mettertyd herformuleer (2006, 2008, en 2011) en is tans soos volg geformuleer as ons kerk roeping:

God stuur ons om, soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees.

Ons het bedienings-kanale of –strukture nodig om ons roeping of visie uit te leef. 'n Mens kry nie net een model in die Bybel nie, maar elke geloofsgemeenskap moes eietyds soek na die beste manier om sy/haar roeping uit te leef. Daar is wel 'n paar uitgangspunte vir 'n eietydse bedieningsmodel wat as vertrekpunt kan dien.

1. UITGANGSPUNTE VIR DIE BEDIENING

1.1 Skriftuurlike uitgangspunte:

Die Gees van God leef in elke gelowige en gee aan elkeen *gawes* waarmee ons mekaar en ander moet dien (Rom 12:1-8). Ons vertrekpunt is daarom nie die ampte wat lidmate moet bedien nie, maar ***lidmate*** wat mekaar en die wêreld moet dien. ***Leiers en ampte*** (soos die predikant, ouderling en diaken, begelei net hierdie dienswerk – o.a. deur motivering, bemagtiging en toerusting. Bedienings kan *spontaan* ontstaan soos die Gees lei en 'n *verhoudingsbasis en netwerke* in en tussen bedienings is natuurlik. Metafore soos die gemeente as liggaam of huisgesin is NB.

1.2 Kerkorde – artikel 26-28

Die kerkraad is die besluitnemende gesag en dra verantwoordelikheid vir regering, opsig, en tug. Daar kan gedesentraliseerde kerkrade wees met duidelike opdragte wat enige groepering in die gemeente kan wees. In ons geval is dit Diakens (verantwoordelik vir die erediens-bediening) en Kleingroep-ouderlinge (verantwoordelik vir kleingroepe). Net die leiers van dié bedienings dien in die kerkraad.

2. BEDIENINGS

Ons gemeente moet soos 'n *gesinskamer* funksioneer waarin *eredienste* die belangrikste ontmoetingsplek is. Daarvandaan kan gelowiges na kamers van *sorg, groei en uitreik* beweeg, waar liefde teenoor mekaar en die gemeenskap uitgeleef kan word. Dié vier aspekte van kerkwees vorm ons primêre roeping en fokus al ons bedienings in die gemeente. Daarby is daar bedienings wat *ondersteuning* daarvoor bied. Ons het verskeie bedienings ontwikkel wat almal een of meer faset van bogenoemde vertoon, bv. (Bedienings met * gemerk se leiers dien nie op die kerkraad nie, maar het waarnemer-status sonder stemreg):

1 **Roeping** – Roeping, visie, doelwitte en "Geloof wat leef"
2 Gebed * - afhanklikheid van God in alle bedienings bevorder
3 **Erediens** – w.o. musiek, sang, multi-media, klank, dekor
4 **Diakonie** – w.o. kollektering, verwelkoming, sakramente
5 **Familie** – w.o. kategese, jeuggroepe, kampe ens
6 **Kleingroepe** – w.o. sel-, belange-groepe, bybelstudies
7 **Omgee** – w.o. siekesorg, begeleiding, deernis
8 **Seniors** – w.o. Aftree-opskop, Bybelstudie, Caritas
9 **Aksie Samaritaan** – w.o. sorg vir sorgbehoewendes
10 **Sending** – w.o. plaaslik, nasionaal en internasionaal
11 **Finansies** – bestuur dankoffers en uitgawes
12 **Eiendomme** – onderhoud en kapitale projekte
13 **Leraars** – vorm 'n eie span as familie / huisgesin van God
14 Diensverhoudinge* - personeel sake
15 Nuwe Lidmate* - ontvangs, besoeke en funksie
16 Gasvryheid* - Sondae koffie & tee en Funksies
17 Kommunikasie* Familie-nuus, -kontak, webtuiste, FB
18 Basaar* - netwerk met verskeie bedienings.

3. DIE UITLEEF VAN ONS ROEPING – opmerkings by sommige Bedienings:

3.1 Roeping:

Die bediening help die gemeente om na God, lidmate en die gemeenskap te luister en te onderskei na wie toe God die gemeente stuur. Die ouderlinge hiervoor verantwoordelik kan mense intrek om daarmee te help. Tans lê die fokus, in lyn met ons roeping *"om soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees"* veral by die "Geloof wat leef" bediening om ons hierin by te staan.

3.2 Erediens: Dis 'n primêre fokus waarmee ander bedienings netwerk. Ons sterkste patroon as gestuurde gemeente is in 2006 so geformuleer: "*God is die kern van ons aanbidding waar almal welkom is*". Ander Bedienings wat sterk netwerk met Erediens is:

- Diakonie – Help met Dankoffers, sakrament bediening en algemene dienste, soos verwelkoming van besoekers
- Gebed – waar die patroon geformuleer is: "*Ons leef in afhanklikheid van die Gees*".

3.3 Familie-bediening

Die familie-bediening vorm 'n eie kategorie van groei, uitreik en veral van sorg. Bedieninge soos kategese, verskeie jeugaksies, kampe en die jeugweek is inisiatiewe van die familie-bediening.

3.4 Kleingroepe

Kleingroepe is 'n hoë prioriteit vir groei en versorging van mense. Ons wil met "kleingroepe" alle soorte groepe insluit sel-, belange-, bybelstudie- en diens-groepe. Daarom is leiers van groepe ook ouderlinge omdat hulle vir die geestelike sorg en gesondheid en vir die leef van ons Roeping baie belangrik is. Donahue sê:

"A small group provides the optimal environment for the life change Jesus Christ intends for every believer"

Die kleingroep is ook die optimale ruimte vir geloofsgemeenskap en geestelike versorging.

- Wyke: Die wykstelsel is op 31 Oktober 2011 in ons gemeente uitgefaseer. Die versorging van lidmate en almal na wie God ons stuur moet veral deur die Kleingroepe, Omgee-, Senior- en Aksie Samaritaan bedienings geskied. Hulle moet hierin netwerk.

3.5 Omgee-bediening

Die vrywilligers bedien reeds siekes, ondersteun mense na verlies van 'n geliefde, en ondersteun mense en gesinne in besondere nood. Die deernis-bediening ondersteun gesinne met verversings na die begrafnis. Die Bediening werk ook saam met ander organisasies soos ACVV (Ouetehuise, Kenani, Huis Elsje, maatskaplike dienste ens), CEF e.a. en werk ook graag saam met ander kerke (bv Tabithas van VGK)

3.6 Senior-bediening

Die senior-bediening het eers begin met 'n sosiale been (Aftree-opskoppers) wat kwartaalliks iets lekker saam doen, maar kyk nou ook na die geestelike sorg (Bybelstudiegroepe) en besoek bejaardes ouer as 80 jaar (Caritas).

3.7 Aksie Samaritaan

In lyn met die Sinode se Taakspan vir "Armoede en Sorg" help die bediening veral om sorgbehoewende gesinne van kos te voorsien en geestelik en maatskaplik te ondersteun.

3.8 Sending

Sending neem die opdrag *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld"* ernstig op plaaslike vlak (o.a. Nehemia projek in Joe Slovo gebied, Taxi-bediening, Hawe-sending), Nasionaal en Internasionaal – hier word @ Geloofs-offerbelofte-geld vir Kobus van Zyl, Madagaskar-sending + Nick Strydom, Johan & Estie de Nysschen in Panama, Makhatini-sending, Geopende deure & In Context, Ina Steyn – YWAM en 3 werkers van Arbeidsbediening ondersteun.

3.9 Ondersteunende bedienings

Hier is Bedienings wat naby aan die hart van ons roeping werk, bv.

- Gasvryheid: Die kuier met koffie en tee op Sondae en hulp by allerlei "Familie-funksies" is baie belangrik in die familie.
- Basaar: Die jaarlikse basaar is eintlik 'n baie belangrike netwerk vir al die ander bedienings en vir ons finansies.
- Kommunikasie: Familie moet van mekaar weet – soos met afkondigings (Familienuus), kwartaalblad (Familiekontak), Webtuiste en Facebook, advertensies en koerantberigte en foto's.

Dan is daar ook Bedienings wat die ondersteunende rol vir al die ander Bedienings vervul en waarsonder niks moontlik is nie:

- Finansies: Bestuur die finansies, inkomste en uitgawes, volgens 'n begroting wat volgens die roeping geprioriseer is.
- Eiendomme: Bedink, beplan en voer onderhoud en kapitale projekte uit.
- Personeel: Begelei die betaalde personeel van die gemeente.

4 OPERASIONELE BESTUUR

4.1 Kerkraad

'n Kleiner kerkraad word saamgestel uit die leiers van belangrike bedienings. Die span is saam met die leraars maar sowat 15 kerkraadslede, plus moontlik 4 waarnemers. Die funksie van die raad is primêr die roeping van die gemeente en dus die bepaling van rigting en strategie (70% van die tyd), terwyl begroting, personeel en bestuur ook aandag sal kry. Die kerkraad moet ook jaarliks (in Oktober) 'n voorsitter uit die bedienaars van die Woord of ouderlinge verkies (KO Artikel 28.2).

4.2 Dagbestuur

'n Dagbestuur bestaande uit die leraars, kerkraad-voorsitter, ouderling finansies en 'n ouderling/diaken(s) wie se bediening geraak word sal hoofsaaklik aan spoedeisende sake aandag gee, met verslag aan die kerkraad.

4.3 Bedieningsraad

Diakens (veral Diakonie) en ouderlinge (veral Kleingroepe) wat sekere bepaalde funksies vervul in die Bediening van die gemeente vorm Gedesentraliseerde Kerkrade (by ons Bedieningsraad genoem). Hulle dien nie op die kerkraad nie, maar verkies elk 'n leier wat op die kerkraad dien. Hulle kan bv. twee keer per jaar saam met die kerkraad vergader om deelname en insette te verkry by sake soos jaarbeplanning, die jaarlikse begroting en om kommunikasie te bewerkstellig. Dié bedienings-ampte en bedienings word sodoende bemagtig om op hulle bedienings te konsentreer en dit binne hulle begroting uit te voer.

5 FUNKSIES VAN AMPTE EN LEIERS

5.1 Leierskap funksies

Die ouderlinge en diakens wat op die kerkraad dien, werk met KO Artikel 15-17 as uitgangspunt. Diakens en ouderlinge wat deel van die bedieningsraad is, kan volgens Arnold Smit (Nuut gedink oor leierskap in gemeentes) hulle leierskap veral as ***begeleiding*** verstaan. Die perspektief hierbo dat begaafde lidmate die uitgangspunt van die bediening is, en dat mense as deel van sisteme en d.m.v. prosesse begelei moet word, kan as vertrekpunt gebruik word. Om te verstaan wat *begeleiding* is, kan dit kortliks met die lewe van Moses verduidelik word.

- **Presensie (By God en by mense teenwoordig)**

Moses se roeping is gebore uit sy ervaring met God by die braambos. Daarna moes hy op 'n nuwe manier na sy mense toe gaan om met hulle te identifiseer, naamlik om as God se verteenwoordig by hulle te wees. Hy moes dus by God en namens God by die mense teenwoodig wees.

→ Hoe kan jy 'n teenwoordigheid by God en mense toepas in jou bediening?

- **Visionering (Begelei vanuit die opstanding)**

God het sy volk jammer gekry vanweë hulle onderdrukking en het vir hulle 'n nuwe toekoms voorberei – 'n nuwe land waar hulle Hom vry kon aanbid en gelukkig kon leef. Moses was die draer van hierdie visie, die een wat in die steengroewe waarin Israel gewerk het, 'n nuwe toekoms moes gaan aankondig. Hy moes ook tydens die woestyntog telkens hierdie visie lewendig hou – veral wanneer die volk na die vleispotte van Egipte verlang het.

→ Watter visie vir jou bediening het God in jou laat ontwikkel?

- **Fasilitering (In pas met die visie)**

Moses was verplig om nuwe vaardighede aan te leer. Hy moes die volk tot die aanvaarding van die uittog oorreed. Hy moes met die farao gaan onderhandel. Hy moes die hele uittog oorsigtelik en in fyner besonderhede organiseer. Op pad ontvang hy die 10 gebooie waardeur hy die volk moes leer van nuwe beginsels vir hulle verhouding met God en mekaar. Hy moes die hele pad sorg dat die volk 'n geloofsgemeenskap bly waarin God aanbid is en die mense in onderlinge vrede met mekaar moes lewe.

→ Watter vaardighede van fasilitering sal jy in jou bediening moet aanleer en toepas?

- **Energering ('n Entoesiastiese span medewerkers)**

Die eksodus-gemeenskap was 'n slawegemeenskap wie se potensiaal in die steengroewe van Egipte onderdruk was. Op pad na die beloofde land het nuwe vryheid ook nuwe geleenthede beteken. Nuwe leierskap moes vir die regspraak en reëling van die volk se onderlinge verhoudinge gekweek word. Jetro, Moses se skoonpa het hom die beginsels van delegering, bemagtiging en priorisering geleer. Ander moes ook verantwoordelikheid dra om die volk te lei en te dien. Vakmanne moes vir die werk van die tabernakel ingespan word en ampsdraers moes vir die nuwe liturgiese prosesse van aanbidding en viering opgelei word.

→ Hoe kan jy mense energeer, inspireer en entoesiasties maak om hulle gawes uit te leef?

5.2 Verhoudingsbestuur en pastorale ingesteldheid

Ons het nie meer wyke nie, maar die omgee en belangstelling wat deel was van die opdrag van ouderlinge en diakens in wyke (pastorale/ herderlike ingesteldheid) behoort die grond houding in alle werk van die Here te wees. Tekste soos Eseg 34; Luk 4:18-19; 10:1-16; 22:24-27; Hand 6:1-7, 20:38-32; 1 Tim 3:1-7; Tit 1:5-9 en veral 1 Pet 5:1-4 is Bybelse onderbou daarvoor.

Daarom kan leiers van bedienings ook die volgende in ag neem:

- **Bou geloofsgemeenskap**

Die bou van liefdesbande deur lidmate en spanlede te help om mekaar te leer ken, vir mekaar te bid, mekaar te dien en in die geloof op te bou is tog 'n natuurlike manier om as liggaam van Christus en huisgesin van God te leef.

- **Geestelike sorg**

Belangstelling in die lief en leed van elke spanlid en om spanlede te help om God se sorg te ervaar, is deel van verhoudingsbou.

- **Kommunikasie**

Jy is skakel tussen die leierskap en spanlid en ook andersom. Inligting vanaf vergaderings en eredienste kan deurgegee word.

- **Rentmeesterskap**

Dankoffers word d.m.v. die internet, debietorders of koeverte gegee. Leierskap vra ook dat jy mense begelei t.o.v. die Bybelse beginsels van rentmeesterskap, wat tyd, gawes, en diens insluit. (Vlg 2 Kron 29:10-19; Mal 3:8-12; Luk 21:1-4 en 2 Kor 8-9 as riglyne.)

5.3 Praktiese riglyne vir bedienings

Binne 'n bediening kan verskeie bedienings spontaan of georganiseerd na vore kom. Die begeleiding van die leiers en die bedieninge en die onderlinge netwerk van bedienings is die bedieningsleier se taak.

- <u>Byeenkomste/vergaderings</u>
  Verhoudinge, saamwerk en werklike diens is belangriker as "formele vergaderings". Daarom kan die leier meer tyd insit in kuier en gesprek met medewerkers, maar so 1x per maand is 'n byeenkoms/vergadering tog belangrik. By die vergaderings kan strategiese prosesse (doelwitte, planne, begrotings) deeglik gedoen kan word.
- <u>Notules en Verslae</u>
  Baie dinamika in en deur bedienings sal natuurlik spontaan plaasvind sonder dat daarvan verslag gelewer word. Dis egter wel vir terugverwysing, opvolging en doelgerigte implementering nodig dat 'n bediening 'n lêer sal hou waarin notules bewaar word. Die bedieningsleier kan dan minstens kwartaalliks aan die kerkraad verslag doen van vordering en by groter sake aanbevelings doen vir besluitneming.

6 PREDIKANTE BEDIENING

6.1 Algemene uitgangspunte

'n Bedieningsmodel is in Nov 2006 deur die kerkraad goedgekeur wat 'n klomp uitgangspunte mbt die predikante gestel het en dit is in Aug 2008 aangepas. Daarvolgens word die volgende generiese aspekte en uitgangspunte gestel:

- Tyd met God

Predikante se eerste verantwoordelikheid is om tyd voor God te spandeer. Geestelike dissiplines wat o.a. Woordstudie en gebed insluit, is die basis van die predikante-bediening.

- Eredienste en optredes

Die voorbereiding vir eredienste is 'n tweede prioriteit. Dit sluit navorsing, preekmaak, beplanning van liturgie, kunste, gesprekke met ander rolspelers en vergaderings in. Daar is ook huwelike, begrafnisse, praatjies ens.

- Bedieningsbegeleiding

Die predikante is betrokke by die omvattende bediening. Die begeleiding van bedieninge en leiers en toerusting vir dienswerk is sodoende 'n verdere prioriteit. Die uitgangspunt is dat die leraars nie die bedieningsleiers is nie, maar aan sekere bedieninge gekoppel word om die bediening te begelei. Predikante is dus bedieningsbegeleiers en begelei prosesse. Dit beteken dat elke bediening lidmate as leiers van die bediening het en dat die predikante hulle begelei, ondersteun en help met prosesse.

- Pastorale sorg

In die pastorale versorging neem lidmate allereers vir mekaar verantwoordelikheid (1 Kor 12:25-26), terwyl kleingroepleiers en bedienings vir groepe verantwoordelikheid neem. Die Omgee-, Senior- en Aksie Samaritaan-bedienings lewer hierin 'n bydrae.
Die predikante se pastorale sorg kan gedoen word op 'n basis van vrye assosiasie, vanuit hulle betrokkenheid by bedieninge en op aanvraag vanuit die area waaraan hulle gekoppel is.
Die inhoud van die pastorale sorg kan so wyd wees soos gesprekke oor God, kerk, huweliks-voorbereiding, -beraad, gesinsorg, krisis- en trauma-beraad, hospitaalbesoek, sterwensbegeleiding, begrafnisse ens. Dit geskied by die pastorie, kerk, aan huis van lidmate, in die hospitaal of enige ander plek.

Ter wille van duidelike kommunikasie oor "pastorale sorg deur predikante" kan die volgende bygevoeg word:

- Vrye assosiasie
  Dit staan enige lidmaat vry om met 'n spesifieke predikant te skakel o.g.v. vriendskap, vertroue, samewerking, kontak of watter rede ookal.
- Betrokkenheid by bedienings
  Predikante is betrokke by spesifieke bedienings en sal daaruit vriendskappe ontwikkel waaruit pastorale sorg sal voortkom.
- Beskikbaarheid op aanvraag vanuit wyke
  Daar is nog 'n verdeling van wyksareas waaraan predikante gekoppel is. Hulle doen nie meer gestruktureerde huisbesoek nie. Predikante is wel beskikbaar as lidmate hulle skakel om hulle te begelei m.b.t. enige situasie wat pastorale sorg vereis.
- Beskikbaarheid
  Elke predikant het 'n telefoon by die huis asook 'n selfoon en is eintlik 24/7 op aanvraag beskikbaar. Dit moet egter gesien word in die lig van ander verbintenisse en afsprake soos hierbo uiteengesit. Dit impliseer dat hulle soms nie dadelik beskikbaar sal wees nie omdat hulle besig is met iets anders, maar dan later sal opvolg.

6.2 Werkverdeling predikante:

GERRIE
- ✓ Roeping
- ✓ Kleingroepe
- ✓ Omgee
- ✓ Seniors
- ✓ Kommunikasie
- ✓ Diensverhoudinge

PIERRIé
- ✓ Erediens
- ✓ Diakonie
- ✓ Nuwe lidmate
- ✓ Finansies
- ✓ Eiendomme

HENRI
- ✓ Gebed
- ✓ Familie & Geloof wat leef
- ✓ Sending
- ✓ Aksie Samaritaan
- ✓ Gasvryheid
- ✓ Basaar

Hoe werk die gemeente?

Mei 2015



BEDIENINGSMODEL – aangepas en verkort Mei 2015

1. Gemeente

Die uitgangspunt vir die bediening is die Gees wat lidmate lei en gawes skenk om, soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees. Die gemeente word nie deur die ampte (ouderlinge, diakens, leraars) bedien nie, maar dien mekaar en almal na wie God hulle stuur o.g.v. die gawes wat elkeen ontvang het.

2. Bedienings

Die bedienings is die kanale waardeur die diens van lidmate na mekaar en ander vloei. Bedienings kan spontaan ontstaan d.m.v. die saamgroepering van lidmate vir ’n bediening of funksioneer as bestaande struktuur van die gemeente. Die volgende Bedienings bestaan tans (Die onderstreepte bedienings dien amptelik op die kerkraad, terwyl die wat nie onderstreep is nie, net waarnemer status het):

- Gebed – nie op Kerkraad
- Roeping: Roeping en “Geloof wat lewe”
- Erediens – wat musiek, sang, multimedia, klank, kunste, dekor insluit
- Diakonie – wat funksies in en rondom die erediens en nagmaal verrig
- Familie – wat kategese, jeugaksies, vroue- en manne-groepe ens. insluit
- Kleingroepe: wat selgroepe, bybelstudie-groepe en belange-groepe insluit
- Omgee: - wat siekebesoek, sorg, deernis (by afsterwe) insluit
- Seniors: - wat Aftree-opskop, Bybelstudie & Caritas (besoeke aan 80+’s) insluit
- Aksie Samaritaan: Versorg gesinne/mense in nood
- Finansies
- Eiendomme
- Gasvryheid – nie op KR
- Kommunikasie – waarnemer by KR
- Sending – plaaslik, nasionaal, internasionaal
- Diensverhoudinge – waarnemer by KR
- Nuwe lidmate* - nie op KR
- Basaar* - nie op KR
- Leraars
    - Die kerkraad het ’n sterk Roepings-funksie en bestaan daarom meer uit lede van Bedienings wat ’n groter rol speel in die uitleef van die roeping.
    - Leiers van bedienings wat nie op die kerkraad dien nie, maar as ouderlinge of diakens verkies is, dien op die gemeenteraad en vergader slegs sowat 2x per jaar. Hulle vervul ’n meer ondersteunende rol.
    - Die kerkraad kan leiers van bedienings wat wel seggenskap op die kerkraad benodig, tot die kerkraad verkies. Die kerkraad bepaal die genomineerde bedienings daarvoor. (In die diagram is dit die onderstreepte bedienings).

Die bedienings kom byeen en organiseer soos hulle dit vir hulle diens nodig vind, maar riglyne in die verband is wel:

- Gewoonlik minstens 2 byeenkomste per kwartaal
- Die byhou van notules van byeenkomste en liassering van notules in ’n bedieningslêer – ’n duplikaat in die kerkkantoor.
- Die opstel van ’n skriftelike verslag aan die kerkraad as daar sake vir kennisname of aanbevelings vir besluite na die kerkraad sou wees.
- Elke bediening verkies ’n bedieningsleier (elke jaar Oktober).
    - Leiers van bedienings met kerkraad funksie, word deur die bediening genomineer vir die kerkraad
    - Leiers van ondersteunende bedienings word outomaties lede van die bedieningsraad.
    - Bedienings waar leiers ’n groep begelei, kan as ouderlinge/diakens verkies word, waaronder: Kleingroepleiers, en leiers van bedieningsgroepe wat onder ’n kern-bediening ressorteer.
- Al die diakens wat by die erediens diens doen, word as diakens verkies, maar net die leier dien op die kerkraad.

3. Bedieningsraad

Hierdie leiersgroep van alle bedienings kom 2x pj bymekaar vir die volgende redes:

- Gesprekke oor die roeping van die gemeente – viering en beplanning
- Inligting vanaf die kerkraad oor finansiële situasie, begrotings, bedieningsplanne ens.
- Deelname aan gesprekke oor groter besluite van die gemeente t.w.v. meningspeiling, inklusiwiteit en deursigtigheid

4. Kerkraad: Die kerkraad handel volgens Artikels 26-28 van die kerkorde